

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Augustus 2018 – Nagmaal

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-1:1, 2 (Sb 19)

- 1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer.
“My vader, sal ek sê, van misdaad sku, / “my sonde^ois teen die hemel en voor u.”
- 2 “Ek het van hoë kindskap neergestort / en is nie werd u seun genoem te word,
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees.”

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste^oons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Skrifberyming 2-1:3, 4, 5 (Sb 19)

- 3 Hy 't opperys, sy swerfpad weer gegaan: / “lig neem die vader my as huurling aan.”
Dié 't hom gesien en – eerste straal van hoop – / uit jammerte hom tegemoet geloop,
- 4 tot waar hy was, hom aan sy hart laat rus, / geliefkoos deur die vaderlike kus.
“My vader,” roep hy uit, van misdaad sku, / “my sonde^ois teen die hemel en voor u.
- 5 “Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees.”

Skriflesing: Lukas 15:1-2, 11-32

Kernverse: Lukas 15:32

Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.
(Lukas 15:32 AFR53)

Tema: Wat dit beteken om regtig lewendig te wees vir God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer die Heilige Gees met die Woord 'n mens van aangesig tot aangesig met Jesus Christus bring, is dit onmoontlik om neutraal te bly. As die Heilige Gees 'n uitverkore sondaar voor Jesus stel met die Woord, bring Hy daardie mens tot bekering en geloof in Jesus Christus. As die Heilige Gees 'n ander mens voor die Here Jesus stel met die Woord, is daar een van drie reaksies by die mens. Hierdie drie reaksies is vir ons bekend uit die gelykenis van die saaiër – die saad wat op die pad, op die rotsagtige plek en tussen die onkruid beland het. Die uiteinde van al drie reaksies is dieselfde – die rug word op die Here Jesus gedraai. Party doen dit uit die staanspoor uit en ander doen dit met verloop van tyd.

Hierdie verdeeldheid wat tussen mense kom wanneer hulle met Jesus Christus te doen kry, is presies wat Jesus gesê het Hy op die aarde kom doen het. Hy het nie gekom om vrede op die aarde te gee nie, maar eerder verdeeldheid (Luk 12:51).

Wanneer Jesus hierdie drie gelykenisse van die verlore nes vertel, is sy bedoeling nie om die ongelykhede tussen Hom en die godsdiensteleiers van daardie tyd uit te stryk nie. Hy is nie van plan om met die Fariseërs en skrifgeleerdes te onderhandel sodat hulle tot 'n vergelyk kan kom nie. En met die vertel van die derde gelykenis dring Jesus almal wat hom hoor om te besef waar hulle staan en te doen waartoe Hy hulle oproep. In die gelykenis van die verlore seun sê Jesus dinge wat vir die kultuur van daardie tyd omstrede was.

Broers, susters en kinders, met hierdie gelykenis dring die Heilige Gees ons ook om te besef waar ons staan en te doen waartoe Hy ons oproep. Daarom gaan ons eers kyk wat so omstrede was in hierdie gelykenis. Daarna wys die Heilige Gees vir ons op die twee dooie seuns en wat dit beteken om lewendig te word vir die Here.

Die punt wat Jesus in al drie die gelykenisse maak is dieselfde. God ontvang elke bekeerde sondaar met groot vreugde in sy teenwoordigheid. Jesus het hierdie punt drie maal gemaak aangesien die Fariseërs en skrifgeleerdes gemurmureer het omdat Hy die sondaars en tollenaars ontvang en saam met hulle eet. Die derde gelykenis se slot bring elkeen wat hoor voor 'n besliste besef – waar staan ek in my verhouding met die lewende God.

Om agter te kom wat so omstrede was in Jesus se woorde moet 'n mens – vir sover dit vir ons moontlik is – die gelykenis binne die kulturele konteks van daardie tyd lees. Sommer met die intrapslag sou die hoorders geskok wees – 'n jongste seun wat sy pa vir sy deel van die erfporsie vra. Na regte sou die jongste seun 'n derde van sy pa se besittings kon erf, want die oudste seun het gewoonlik 'n dubbel deel van die erflating gekry.

Terwyl sy pa nog springlewendig is, vra die seun al sy erfdeel. Vir hom maak dit nie saak of sy pa leef of nie, hy wil net sy geld hê. En dan vra hy dit ook nog so asof hy geregtig is op 'n erfporsie. Niemand is daarop geregtig om te erf nie. Dit is 'n pa se besluit of hy sy kinders gaan laat erf of nie.

Normaalweg sou 'n pa in daardie samelewing sy seun 'n loesing gegee het en waarskynlik heeltemal onterf het en daarby ook nog weggejaag het. Maar hierdie pa tree heeltemal anders op. Hy word nie kwaad nie. Hy verdra die vernedering wat sy seun hom aandoen en verdeel sy besittings sodat die jongste seun sy deel kan kry.

Die mannetjie het toe ook nie gras onder sy voete laat groei nie. Hy het sy erfposie gevat en weggetrek na 'n ver land. Hy wil wegkom van sy pa af, want hy wil nie meer onder sy pa se reëls leef nie. Ver uit die beloofde land uit, want hy wil seker ook niks meer met iets van die godsdienste te doen hê nie. In die ver land het hy toe gemaak net soos wat hy wil, want nou het hy die vryheid wat hy gesoek het.

Dan gebeur daar twee dinge. Deur sy eie onnosselheid het hy alles wat hy gehad het deurgebring en sit toe sonder 'n sent. Die Here beskik toe 'n kwaai hongersnood in daardie land. Nou sit die jongste seun met niks, maar hy moet oorleef. Daarom bied hy homself as 'n varkoppasser aan. Nog 'n skok vir die Joodse gehoor. Dit is toe eers daar tussen die varke en verskriklike honger dat die jongman tot sy sinne kom. Hy sien nie net sy eie nood teenoor die goedheid van sy vader nie. Hy sien sy eie sonde teen die goeie wat hy nog altyd gehad by God en sy vader.

Daarom neem hy hom voor om terug te keer. Hy gaan sy skuld teenoor God en sy pa bely. Hy sal ook sê dat sy maniere teenoor sy pa hom eintlik diskwalifiseer as 'n seun. Om hierdie rede moet sy pa hom maar soos 'n huurling behandel. Met hierdie woorde in sy kop gaan hy terug. Hy weet nie wat hy te wagte kan wees nie. Van die gemeenskap sal hy verseker spot en vernedering moet verduur en hy verdien dit. Sy pa het nie nodig om hom te ontvang nie. Sy pa kan hom in die openbaar verneder en het geen plig om hom weer in sy huis te ontvang nie. Hy het dan vroeër eintlik gemaak asof sy pa vir hom dood is, want hy wou net die geld hê.

Dan kom daar nog 'n skok in die verhaal. Die pa het gekyk of sy wegloopseun nie al terugkom nie. Dit was beslis nie die eerste keer wat die pa so in die pad afgekyk het nie. Hy het elke dag gereeld gekyk of sy seun nie terugkom nie. En toe hy hom sien aankom, doen hy wat 'n pa nie betaam in daardie samelewing nie – hy hardloop na sy seun toe. En ondanks hoe sy seun lyk en ruik, omhels hy hom en soen hom.

Die jongste seun bely toe dadelik sy sonde en kry nog kans om te sê dat hy nie werd is om sy pa se seun genoem te word nie ... Dan val sy pa hom in die rede. Die slawe moet dadelik die beste klere bring vir sy seun en die ring met die familieseël daarop sowel as skoene. Dan moet die vetgemaakte kalf geslag word, want nou moet daar fees gevier word – sy seun was dood en het weer lewendig geword, hy was verlore en is weer gevind.

Indien Jesus die gelykenis net tot hier sou vertel het, sou die godsdiensteleiers hulle skouers kon optrek en wegloop. Vir hulle is dit buitendien 'n vergesogte verhaal, want watter pa sal nou so optree. Die Here maak mos nie so nie, of hoe? God aanvaar mos nie sondaars net soos wat hulle is nie, of doen Hy dit? Hy aanvaar beslis mense wat getrou die wet gehoorsaam en nie een van sy bevele minag nie. Dit is mos hoe dit nog altyd gewerk het? So kon die godsdiensteleiers redeneer.

Die oudste seun het van die veld af gekom terwyl die fees aan die gang was. Toe hy nog net aankom het hy die musiek en beurtsang gehoor, maar hy gaan nie in om te kyk wat aan die gang is nie. Die ding waarvoor hy nog altyd gevrees het, het seker nou gebeur. Hy vra toe sommer een van die slawe wat aan die gang is. En toe dié hom vertel dat sy broer teruggekome het en dat hulle nou fees vier omdat hy behoue teruggekome het, is die oudste seun op die daad baie kwaad.

Die ordentlike ding sou wees dat die oudste seun ingaan. Al was hy teleurgestel oor wat sy pa gedoen het, kon hy ten minste ingegaan het en sy broer gegroet het. Hy kon selfs sy broer voor almal berispe het en later persoonlik met sy pa oor alles gepraat het. Maar nou

maak hy soos iemand wat te na gekom is en hy verneder sy pa voor almal. Hy gaan nie in nie, maar sy pa moet uitkom en hom smeek om in te kom.

Dan begin hy sommer so sonder respek met sy pa te praat. Hy spreek sy pa nie as vader aan nie. Hy begin dadelik vertel al die goeie dinge wat hy nog al die jare vir sy pa gedoen het en hy vertel hoe gehoorsaam hy was. Dan beskuldig hy sy pa dat hy onbillik is. Hy het nie eers 'n bokkie by sy pa gekry om saam met sy vriende fees te vier nie. Maar noudat hierdie nikswerd seun hier aankom, word die vetgemaakte kalf geslag.

Die pa bly kalm teenoor sy oudste seun en verseker hom dat hy nog altyd alles van sy pa en sy pa se goedheid tot sy beskikking gehad het, maar hy het nie daarvan gebruik gemaak nie. Sy eie geregtigheid teenoor sy pa en nou ook nog sy woede teen sy broer, verhinder hom om deel te hê aan sy pa se blydschap. Dit lyk asof sy pa se mooipraat nie eers gehelp het nie. Hy sal eerder buite sit en homself bejammer as om in te gaan.

Die Heilige Gees wys met hierdie gelykenis vir ons dat dit nie net die jongste seun is wat dood was nie. Al twee die seuns is dood in hulle verhouding met hulle pa. Die "goeie" ouboet se verhouding met sy pa was net so sleg soos die jongste seun s'n. Hy was eintlik net so verlore soos sy broer. Die enigste verskil is – hy het nie van die huis af weggegaan nie. Hy was verlore oor sy eiegeregtigheid.

Sy verhouding met sy pa was vir hom 'n plig. Hy het al die jare sy pa gedien en nooit 'n gebod van sy pa oortree nie. En hy is trots daarop, maar omdat hy trots is, dink hy dat sy pa hom nou iets skuld. Hy het gedink dat hy sy pa se liefde met harde werk moet verdien. Dit is nie iets wat jy sommer net so maklik kan kry soos wat sy pa nou aan die nikswerd broer gegee het nie. Maar op die ou end het dit ook nie eers oor sy pa se liefde gegaan nie. Dit het vir hom ook maar net oor die erfporsie gegaan. Hy het hard daarvoor gewerk.

Die jongste seun was al dood en verlore toe hy nog by die huis was. Hy het alles van waarde van sy pa verwerp. Al wat hy wou hê, was sy vryheid. En om sy vryheid te geniet, het hy sy erfporsie nodig gehad. In sy hart het hy eintlik sy pa dood gewens. Hy wil net nie meer onder sy pa se reëls wees nie.

Die geaardhede van albei hierdie seuns is vandag nog onder gelowiges teenwoordig. Die jongste seun se geaardheid kry jy by daardie mens wat net eredienste bywoon sodat hy kan belydenis doen van sy geloof. As hy belydenis gedoen het, is hy weg, want nou wil hy sy lewe gaan geniet. Hy sny hom los van al die reëls en toesig, want hy wil vry wees en doen waarvoor hy lus het. Die geaardheid van die oudste seun kry jy by daardie mens wat getrou is by die erediens en alles perfek doen, omdat hy dink sy getroue diens aan die Here sal sy plek in die hemel vir hom verseker.

'n Egte verhouding met die Here werk nie so nie. In albei die seuns se geaardhede gaan dit net oor wat jy kan kry. In 'n mens se verhouding met die Here gaan dit nie oor wat jy kan kry nie. Dit gaan daaroor om naby die Here te lewe en met vreugde die onverdiende liefde van die Here wat Hy vir jou gee deur jou te laat werk deur Hom lief te hê en jou naaste lief te hê. Dan is 'n mens lewendig vir die Here.

Om so lewendig te word vir die Here moet 'n mens besef hoe nodig 'n mens die liefde en genade van die Here het. Die jongste seun het sy nood besef toe hy onthou het goed sy pa regtig is – sy pa se slawe het dit beter as wat hy dit het. Hy het teruggegaan omdat sy pa goed en barmhartig is. Hy het teruggegaan, nie om verskoning te maak vir sy slegte gedrag nie, maar om sy skuld te bely – skuld teenoor die Here en teenoor sy pa. Die

oudste het nie sy eie nood raakgesien nie, daarom het ook nie besef dat hy sy pa se genade en liefde nodig het nie. Hy het geleef met die gedagte dat jy niks verniet kry nie; jy moet vir alles werk, ook vir sy pa se liefde.

Die Heilige Gees bring vir jou en my ook by die punt waar ons tot die besef moet kom waar ons staan. Ware lewe en vreugde is nie te vind daar waar jy dink jy is jou eie baas nie. Daarom is die beste nie om soos die jongste seun te maak en alles te wil los en weg te gaan nie. Maar ware lewe en vreugde is ook nie om alles perfek te wil doen en te dink dat jy die Here verplig om te gee wat jy dink jy nodig het nie.

Ware lewe en vreugde is om jou eie selfsug, trots en sonde te erken en dit met berou voor die Here te bely. Jesus maak dit duidelik dat sy Vader berouvolle en gebroke sondaars by Hom aan sy tafel ontvang. Die prys wat die Vader betaal vir elke sondaar wat Hy ontvang is presies dieselfde. Hy het sy Seun prysgegee en Christus het die skande van sondaars se sonde gedra, sodat elkeen wat met berou en belydenis kom wanneer hy die Here se roepstem hoor, kan deel in die vreugde en blydskap van die Here.

Hoe meer 'n mens besef watter groot rykdom die Vader in sy Seun aan ons gegee het, hoe minder sal 'n mens wil weggaan na 'n ver land. Dan wil jy ook nie buite bly en dink jy verdien beter nie. Jesus Christus is die beste wat God gee – Hy is sy eniggebore Seun en net sy offer verseker aan jou 'n plek aan die Vader se tafel.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 2-1:6, 7 (Sb 19)

- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / “Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan; bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 “Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis, weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind.”

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaars! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaars, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Aan tafel: Skrifberyming 11-1 (Sb 22)

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 18-7 (Sb 45)

Slotpsalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer, ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil. Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.

- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Augustus 2018